



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 670

1

April
April

2021

No. 44383

PART 1 OF 3

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5845



9 771682 584003



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure


SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE

NO. 300

1 April 2021

PUBLIC NOTICE IN TERMS OF SECTION 72(3) OF THE VALUE-ADDED TAX ACT, 1991 (ACT NO. 89 OF 1991) PRESCRIBING A LIST OF TRANSACTIONS OR MATTERS IN RESPECT OF WHICH THE COMMISSIONER MAY DECLINE TO MAKE A DECISION IN TERMS OF SECTION 72(1) OF THE ACT

In terms of section 72(3) of the Value-Added Tax Act, 1991, I, Edward Christian Kieswetter, Commissioner for the South African Revenue Service, hereby prescribe, in the Schedule hereto, a list of transactions or matters in respect of which I may decline to make a decision in terms of section 72(1) of the Act.

**E C KIESWETTER****COMMISSIONER FOR THE SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**

SCHEDULE

1. General

Any term or expression contained in this notice to which a meaning has been assigned in a 'tax Act' as defined in section 1 of the Tax Administration Act, 2011, (Act No. 28 of 2011) has the meaning so assigned, unless the context indicates otherwise. All references to sections are to sections of the Value-Added Tax Act, 1991, (Act No. 89 of 1991) unless otherwise stated.

2. List of transactions or matters in respect of which the Commissioner may decline to make a decision

The transactions or matters in respect of which the Commissioner may decline to make a decision under section 72(1) are as follows:

- (a) The transactions or matters referred to in—
 - (i) section 80(1) and the additional considerations referred to in section 80(2) and section 80(3) of the Tax Administration Act read with Public Notice No. 748 published in Government Gazette No. 40088 of 21 June 2016; and
 - (ii) any regulation issued under section 74.
- (b) A request to deem—
 - (i) a project to be a "foreign-donor funded project" as defined in section 1(1);
 - (ii) a payment made to or on behalf of a vendor in terms of a national housing programme contemplated in the Housing Act, 1997 (Act No. 107 of 1997) read with sections 8(23) and 11(2)(s);
 - (iii) a particular payment to be a "donation" or "grant" as defined in section 1(1);
 - (iv) an activity to be a "welfare organisation" as defined in section 1(1) read with Government Notice No. 112 published in the Government Gazette No. 27235 of 11 February 2005;
 - (v) a supply to be made or not made;
 - (vi) a person to be the "recipient" of a supply;

- (vii) the issue of a token, voucher or stamp (other than a postage stamp defined in section 1 of the Postal Services Act, 1998 (Act No. 124 of 1998) to fall within section 10(18), (19) or (20) respectively, otherwise than provided for in these sections;
 - (viii) an exemption to apply on the importation of goods, as contemplated in section 13(3) read with Schedule 1 or the zero-rate to apply on the supply of goods contemplated in section 11(1)(g), 11(1)(j) and 11(1)(w) read with Schedule 2; and
 - (ix) any branch or main business of an enterprise, permanently situated at premises outside the Republic, to be carried on by a person separate from the vendor, as contemplated under proviso (ii) of the definition to "enterprise" in section 1(1).
- (c) A request to allow—
- (i) a person to account on the invoice or payments basis, otherwise than provided for in section 15;
 - (ii) the submission of returns and payment of tax envisaged under section 28 by a person other than the vendor, or a person other than the person contemplated in sections 54(4) and (2B);
 - (iii) the issuing and receipt of tax invoices envisaged in section 20, in the name of any person other than the vendor, or any other person than the agent contemplated in section 54;
 - (iv) an input tax deduction under section 16(2), read with section 16(3) by any person other than the vendor, or by a person other than the person contemplated in sections 54(2A)(b) and (6);
 - (v) an enterprise carried on under paragraph b(v) of the definition of enterprise and any other enterprise activity, using a single VAT registration number.
 - (vi) an "intermediary" to register and account for the supply of "electronic services" where the foreign supplier of "electronic" services is liable to register for VAT as contemplated in section 23(1A).
 - (vii) the non-payment of VAT charged under the circumstances prescribed in terms of section 31(1)(e).

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. 300

1 April 2021

OPENBARE KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 72(3) VAN DIE WET OP BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE, 1991 (WET NO. 89 VAN 1991) WAT 'N LYS VAN TRANSAKSIES OF AANGELEENTHEDE VOORSKRYF TEN OPSIGTE WAARVAN DIE KOMMISSARIS MAG WEIER OM 'N BESLUIT TE NEEM INGEVOLGE ARTIKEL 72(1) VAN DIE WET

Ingevolge artikel 72(3) van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, bepaal ek, Edward Christian Kieswetter, Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, hiermee in die aangehegte Bylae, 'n lys van transaksies of aangeleenthede ten opsigte waarvan ek mag weier om 'n besluit te neem ingevolge artikel 72(1) van die Wet.

E C KIESWETTER**KOMMISSARIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE DIENS**

BYLAAG

1. Algemeen

Enige woord of uitdrukking in hierdie kennisgewing verwat waaraan 'n betekenis ingevolge 'n 'Belastingwet' soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, (Wet No. 28 van 2011), geheg is, dra die betekenis daaraan toegeskryf, tensy dit uit die konteks anders blyk. Alle verwysings na artikels is na artikels in die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, (Wet No. 89 van 1991) tensy andersins bepaal.

2. Lys van transaksies of aangeleenthede ten opsigte waarvan die Kommissaris kan weier om 'n besluit te neem

Die transaksies of aangeleenthede ten opsigte waarvan die Kommissaris kan weier om 'n besluit te neem ingevolge artikel 72(1) is soos volg:

- (a) Die transaksies of aangeleenthede na verwys in—
- (i) artikel 80(1) en die verdere oorwegings in artikel 80(2) en artikel 80(3) van die Wet op Belastingadministrasie na verwys, gelees saam met Openbare Kennisgewing No. 748 in Staatskoerant No. 40088 van 21 Junie 2016, gepubliseer; en
 - (ii) enige regulasie kragtens artikel 74 uitgereik.
- (b) 'n Versoek om—
- (i) 'n projek 'n "buitelandse skenker-gefinansierde projek" te ag soos in artikel 1(1) omskryf;
 - (ii) 'n betaling gemaak aan of namens 'n ondernemer ingevolge 'n nasionale behuisingsprogram soos beoog in die Behuisingswet, 1997 (Wet No. 107 van 1997) gelees saam met artikels 8(23) en 11(2)(s), te ag;
 - (iii) 'n spesifieke betaling as 'n "donasie" of "subsidie" soos omskryf in artikel 1(1), te ag;
 - (iv) 'n aktiwiteit as 'n "welsynsorganisasie" soos omskryf in artikel 1(1) gelees saam met Goewermentskennisgewing No. 112 gepubliseer in die Staatskoerant No. 27235 van 11 Februarie 2005, te ag;
 - (v) 'n lewering geag te doen te wees of nie gedoen te wees nie;
 - (vi) 'n persoon as die "ontvanger" van die lewering te ag;

- (vii) die uitreik van 'n teken, bewys of seël [(behalwe 'n posseël omskryf in artikel 1 van die Posdienstewet, 1998 (Wet No. 124 van 1998)] geag te val binne artikel 10(18), (19) of (20) onderskeidelik, andersins as waarvoor in hierdie artikels voorsiening gemaak word;
 - (viii) 'n vrystelling te ag van toepassing te wees op die invoer van goedere, soos beoog in artikel 13(3) gelees saam met Bylaag 1 of die nulkoers te ag van toepassing te wees op die lewering van goedere in artikel 11(1)(g), 11(1)(j) en 11(1)(w) gelees saam met Bylaag 2, beoog; en
 - (ix) enige tak of hoofbesigheid van 'n onderneming wat permanent op 'n perseel buite die Republiek geleë is, geag word deur 'n persoon afsonderlik van die ondernemer bedryf te word, soos kragtens voorbehoudsbepaling (ii) van die omskrywing van “onderneming” in artikel 1(1), beoog.
- (c) 'n Versoek om—
- (i) 'n persoon toe te laat om op die faktuurbasis of betalingsbasis rekenskap te gee, andersins as ingevolge artikel 15 voorsiening gemaak;
 - (ii) die indien van opgawes en betaling van belasting ingevolge artikel 28 beoog, deur 'n persoon anders as die ondernemer, of 'n persoon anders as die persoon beoog in artikels 54(4) en (2B), toe te laat;
 - (iii) die uitreik en ontvangs van belastingfakture beoog in artikel 20, in die naam van enige persoon anders as die ondernemer, of enige ander persoon as die agent beoog in artikel 54, toe te laat;
 - (iv) 'n aftrekking van insetbelasting kragtens artikel 16(2), gelees saam met artikel 16(3) deur enige ander persoon as die ondernemer, of deur 'n persoon anders as die persoon beoog in artikels 54(2A)(b) en (6), toe te laat;
 - (v) 'n onderneming bedryf kragtens paragraaf b(v) van die omskrywing van onderneming en enige ander ondernemingsaktiwiteit, met die gebruik van 'n enkel BTW registrasienommer, toe te laat;
 - (vi) 'n “tussenganger” toe te laat om te registreer en rekenskap te gee vir die lewering van “elektroniese dienste” waar die buitelandse verskaffer van die “elektroniese dienste” verantwoordelik is om vir BTW te registreer soos in artikel 23(1A), beoog; en
 - (vii) die nie-betaling van BTW gehef kragtens die omstandighede ingevolge artikel 31(1)(e) voorgeskryf, toe te laat.